## 23. Omgeepapier 12 - 18 Augustus 2024

**Rut 1:1-18. Die Here se Wonderlike Voorsienigheid is nie altyd verstaanbaar vir mense nie! (Vertrou net op die Here se wyer perspektief!)**

1. Lees Gen 19:24 - 26, 36, 37. **(Wie was die Moabiete?)**; Lees Deut 23:3-4 en Jeremia 48:35, 42, 47. **(Hoekom mog die Moabiete nié in die geloofsgemeenskap van Die Here inkom / deel word nie)**

2. Lees Matt 2:1. **Waar is Jesus gebore?** Lees ook Rut 1:2 en 22, en ook Rut 4:11 en 12. Lees Matt 5:3 in die "Nuwe Lewende Vertaling" van 2006. **Vraag - Hoekom dink jy het Rut, as Moabiet só aan Naomi vasgeklou toe Naomi sonder haar wou teruggaan na Israel?**

   **Vraag - Dink weer aan een van die "onverstaanbare" sameloop van omstandighede van jou of jou familie / vriende se lewens. Hoe herken jy die Here se werk daarin?**

3. Lees Rom 8:28

   **Vraag - Wat dink jy is die nut / rede vir swaarkry in ons lewens?**

4. **Gebedsversoeke:**
   **Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê?**
   -
   -

   **Vir wie / watter situasie kan ons bid?**
   -
   -